

Gereformeerde Kerk Vanderbijlpark – Trinitas

2020-01-12

Die regte antwoord verwag die regte vraag

- Wat staan vir jou uit van die evangelie?
 - Die geboorte van Christus?
 - Die kruisdood?
 - Die opstanding?
 - Die uitstorting van die Heilige Gees?
- Een spesifieke saak hoef nie uit te spring nie.
 - Die hele evangelie is goeie nuus.
 - Nie net goeie nuus wat 'n glimlag op jou gesig sit nie, maar wat werklik geesvervulde vreugde gee wat jou hart laat oorloop in danksegging vir God.
 - Die goeie nuus verander ons.
 - Die goeie nuus verander die hart van die gelowige.
 - Elke keer wanneer ons die goeie nuus weer hoor, breek ons al meer van die ou mens en word al meer die nuwe mens.
 - So maak die goeie nuus 'n verandering in ons wakker.
 - In Romeine 8 word die goeie nuus weer vir ons baie kort en eenvoudig opgesom.
 - Die gedeelte wat ons saamgelees het, staan bekend as die oorwinningslied.
 - 'n Lied wat jy as gelowige kan sing omdat jy deur Christus 'n oorwinnaar, nee meer as 'n oorwinnaar is.
 - Paulus skryf hierdie lied rondom retoriese vrae.
 - Ons gaan veral in hierdie preek kyk na hierdie 5 vrae.
 - 'n Retoriese vraag is 'n vraag waarop daar nie 'n antwoord verwag word nie.
 - Hierdie taalverskynsel word dikwels gebruik om 'n saak te beklemtoon.
 - In al 5 hierdie vrae waarna ons gaan kyk, word eienskappe van God beklemtoon.
 - Paulus vra die vrae juis om hierdie eienskappe van God te beklemtoon en die lesers in Rome weer te herinner wie God is en wat Hy vir my en jou gedoen het.
 - Ons gaan fokus op vyf hoofpunte.
 - As God vir my is, wie kan teen my wees?

- Hy het sy eie Seun nie gespaar nie, hoeveel te meer sal Hy nie al die ander dinge vir ons skenk nie?
- Wie kan my aankla? – God self spreek my vry
- Wie kan ons veroordeel?
- Wie kan my van die liefde van Christus skei?

As God vir my is, wie kan teen my wees?

- Hierdie vraag van Paulus bestaan uit twee dele en hierdie dele is afhanklik van mekaar.
 - As God vir my is, die eerste deel – wie kan teen my wees, die tweede deel.
 - As ons die vraag fyner beskryf kom dit daarop neer – as A waar is, wat is die implikasies op B?
- Paulus vra die vraag amper asof hy twyfel oor die eerste gedeelte.
 - Maar dit is nie om sy twyfel uit te wys nie, maar juis om die gedagte te bevestig dat God vir ons is.
 - Paulus gebruik juis hierdie retoriese vraag om ons vrese uit te wys en om ons gerus te stel.
 - Ons kyk so dikwels vas in ons vyande en alles wat teen ons is.
 - Allerhande aanvalle dryg, en dit gaan met ons sleg.
 - Ek is siek, ek het my werk verloor, dit is droog, dit gaan ekonomies sleg in ons land, misdaad neem oor, daar is nie hoop vir my kinders nie, die kerk loop leeg.
 - Ons fokus so sterk op alles wat teen ons is, dat ons heeltemal vergeet dat daar 'n ander kant is.
 - Alles is nie teen ons nie.
 - God is vir ons.
 - In die eenvoudige stelling “God vir ons” – word twee waarhede uitgelig vir my en jou.
 - **God** is vir ons.
 - Nie een of ander aardse mag nie.
 - Nie sisteme of plekke of dinge nie, maar God.
 - God wat die hele aarde gemaak het.
 - God wat vir ons sorg.
 - God wat regeer oor die hele aarde.
 - Hy is vir ons.
 - En die tweede deel:
 - God is vir **ons**
 - Jy kan jouself uit baie dinge uit sondig.

- Jou sonde kan maak dat jy jou huwelik verloor, jou sonde kan maak dat jy jou besittings verloor, jou sonde kan maak dat jy alles verloor wat in die oë van die wêreld belangrik is.
 - Maar dit verander nie die feit dat God vir jou is nie.
- Wanneer Paulus dan vra wie kan teen ons wees, sê hy nie dat niks teen ons gaan wees nie.
 - Christus sê self vir sy volgelinge die wêreld gaan julle haat, want hulle het my eerste gehad.
 - Die eerste retoriese vraag is nie 'n troos dat jy nie vyande gaan hê nie, maar Paulus verseker ons dat dit nie saak maak wie teen jou is, wanneer jy werklik beseft dat die enigste lewende God vir jou is nie.

Hy het sy eie Seun nie gespaar nie, hoeveel te meer sal Hy nie al die ander dinge vir ons skenk nie?

- In Romeine 8 spreek Paulus baie sterk ons eie ongeloof aan.
 - Ons het nou gehoor dat God vir ons is, maar glo jy dit?
 - Beseft jy dat God aan jou kant is?
 - Glo jy dat dit gevolge inhou?
 - Of twyfel jy dat God gaan voorsien?
 - Twyfel jy dat God sal sorg soos wat Hy nog altyd gesorg het?
 - En daarom vra Paulus die tweede vraag om ons te herinner dat Hy sal sorg volgens wat ons nodig het.
- Hier begin Paulus die vraag op 'n ander manier.
 - Hy lig 'n stelling uit.
 - Hierdie stelling kan ons beskryf as 'n heilshistoriese feit.
 - 'n Heilshistoriese feit is 'n feit wat waar is omdat dit in die geskiedenis uitgewys kan word, maar ook omdat dit bydra tot ons saligheid deur dit moontlik te maak vir ons om heilig te word.
 - En hierdie feit is – Hy het sy eie Seun nie gespaar nie.
 - Spaar in hierdie konteks beteken terughou, en beskerm en bewaar.
 - God het geen verpligting gehad om sy Seun oor te gee om gekruisig te word nie.
 - Ek en jy het niks gedoen dat ons vir God moes oortuig dat Hy verplig is om Seun vir ons te gee nie.

- Ek en jy het die sondes gepleeg wat God gedryf het om in sy groot liefde en genade sy enigste Seun na die wêreld toe te stuur sodat ons nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê.
- As dit waar is, en ons weet dat dit die waarheid is.
 - As dit die waarheid is dat God vir ons Sy Seun gegee het sodat ons verlossing kan kry van die sonde en die ewige dood sodat ons die ewige lewe kan kry, hoekom sal Hy nie ook sorg vir iets eenvoudig soos kos, en water en oorlewing en sorg nie?
 - Is jou nood groter as wat die werk van Christus kon doen?
 - Daarom beklemtoon Paulus in hierdie vraag dat God se voorsienigheid so wyd strek dat Hy die ewige lewe vir sy kinders kan gee, wat is kos en klere in vergelyking hiermee?
 - Jesus Christus leer ons in sy bergrede dat ons nie bekommerd moet wees oor wat ons gaan eet of aantrek nie, want die Vader sorg vir die voëls en die veld – hoeveel te meer sal Hy nie ook vir ons sorg nie?
 - Jesus begin by die klein goedjies en bou dan op dat die mens soveel groter is as die diere en die veld.
 - Paulus begin by die groot goed – die Seun wat mens geword het, en wys dan hoe klein en eenvoudig ons menslike fisiese behoeftes is.

Wie kan ons aankla?

- Nou weet ons al dat God vir ons is en Hy sorg vir ons.
 - Maar glo jy dit?
 - Of is jy verdag en wag vir die oomblik wanneer God die spreekwoordelike mat onder jou voete gaan uitpluk?
- Vertrou jy vir God of wag jy dat jy aangekla gaan word en gestraf gaan word vir jou sondes?
 - Paulus vra die vraag wie kan die uitverkorenes van God aankla?
 - Paulus noem jou 'n uitverkore kind van God.
 - Hy noem jou een van die kinders van God wat Hy soos Efes. 1 dit beskryf – voor die grondlegging van die wêreld uitverkies is.
 - As jy uitverkies is, as Christus vir jou mens geword het en vir jou sondes gesterf het – wie kan jou aankla?
- Niemand nie.

- Die Satan, wat ook die groot aanklaer genoem word kan jou nie aankla nie, want die werk van Christus was genoeg gewees sodat God jou kan vryspreek.
 - In God se oë sien Hy jou nou in Christus.
 - Daarom sien Hy jou as sondeloos, want Christus is sondeloos en het vir jou sondes betaal.
- Waarom kla jy dan jouself aan?
 - Waarom klou jy vas aan die skuldgevoel van jou sondes?
 - Ja jy moet berou hê, maar besef dat die straf reeds gedra is 2000 jaar terug op Golgota.
 - Dit is volbring – die prys is betaal en daarom is daar niks in die hemel of op die aarde wat die mag het om jou te kan aankla nie.

Wie kan jou veroordeel?

- Daarom is daar ook niemand wat jou kan veroordeel nie.
 - Jy kan nie aangekla word nie, want Christus het gesterf en daarom is jy vrygespreek, maar jy kan ook nie veroordeel word nie, want deur die kragtige werking van God is Christus ook opgewek uit die dood uit.
 - Hy sit aan die regterhand van God en Hy pleit vir ons.
 - Uitverkore kind van God – Jesus Christus sit aan die regterhand van die Vader en Hy pleit vir jou!
 - Christus, die volmaakte offerlam sit aan die regterhand van sy Vader, en daar waar die Satan nog wil aankla, word die wonde spreekwoordelik weer gewys om te verseker dat die prys betaal is.
 - Daarom kan jy nie meer geweeg word en te lig gevind word nie, want die volmaakte prys is betaal.
 - Dikwels sien ons die diepte van ons eie sonde raak.
 - Ek is sleg, ek sondig, ek tree nie reg op nie, ek doen nie wat God van my vra nie, ek wys nie my liefde vir God en my naaste nie, ek leef nie elke dag as 'n nuwe mens in Christus nie, ek lê nog dikwels in die sonde....
 - En ek veroordeel myself.
 - Ek twyfel in die genoegsaamheid van Christus se werk, en ook hierteen waarsku Paulus ons en herinner ons dat Christus vir jou pleit.
 - Hy tree vir jou in.
 - En dan kom Paulus by die laaste vraag.

Wie kan my van Christus se liefde skei?

- Lyding of benoudheid of vervolging of honger of naaktheid of gevaar of swaard?
 - Hierdie elletyding is 'n string moontlikhede of pogings om ons van die liefde van Christus te skei, maar dit kan nie.
 - Dit kan ons nie van die liefde van Christus skei nie.
 - Intendeel al hierdie dreigende beproewings stuur die gelowige stywer in die liefdevolle arms van Christus in.
 - Soos wat 'n kindjie tydens swaar donderweer stywer in die arms van sy pa inkruip as vertrouwe van beskerming, so moet die beproewing en lyding wat ons elke oomblik van elke dag bedreig, ons nader aan die liefde van Christus bring.
- Die lys bedreigings is nie moontlikhede of bangmaakstories nie.
 - Dit is realiteite van 'n gebroke wêreld wat ons daaglik gaan bedreig.
 - Daarom haal Paulus ook Ps. 44 aan om ons te verseker dat ons soos slagskape behandel gaan word.
 - Dit is nie 'n dalk of 'n miskien nie, maar 'n realistiese vyand wat daaglik op die aanval is.

Slot:

- Maar in al hierdie dinge...
 - In die feit dat God vir jou is, dat God vir jou sorg, dat God jou vrysprek, dat Christus vir jou pleit, dat niks jou van die liefde van Christus kan skei nie, in al hierdie wonderlike feite van die enigste lewende God is jy meer as 'n oorwinnaar.
 - Jy ontvang alles wat jy nodig het en nog meer.
 - Hoekom?
 - Want God is vir jou lief.
- As ons dan saam met Paulus die vraag vra in vers 31 – wat is nou ons gevolgtrekking?
 - Hoe antwoord al hierdie kosbare feite van God jou?
 - Wat is die opdrag van Romeine 8:31-39?
 - Glo.
 - Glo dat God vir jou is.
 - Glo dat Christus vir jou pleit.
 - Glo dat God self jou vrysprek.
- As hierdie vir jou nuwe nuus is vanoggend, gryp vas aan hierdie goeie nuus en moet dit nie ooit los nie.

- Bid dat die Heilige Gees hierdie daaglik 'n al groter realiteit sal maak in jou lewe.
 - As jy sukkel om jouself nie aan te kla nie, as jy sukkel om jouself nie te veroordeel nie, bekeer daarvan.
 - Bekeer van jou ongelooft.
- Vind jou versekering in die Woord van die Here wat al hierdie waarhede en nog meer vir jou bekend maak.
 - Vind jou versekering in die feit dat God jou uitverkies het en daarom sal sy Gees jou ook daaglik nutmaak.
 - Glo en bely saam met Paulus en elke medegelowige wat vanoggend hier saam met jou is:
 - Hiervan is ek oortuigt:
 - Geen dood of lewe of engele of magte of teenwoordige of toekomstige dinge of kragte of hoogte of diepte of enigiets anders in die skepping kan my van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here.